My eie

# Bly-by-die-huis 2

DAGSTUKKIES



Nog 30 dae se dagstukkies net vir jou in hierdie moeilike tyd

CEF
CHILD EVANGELISM FELLOWSHIP®
Since 1937
Reaching children worldwide™

# 1 Terug na Kana

**LEES VANDAG:**
Johannes 4:46-47

**Die koninklike amptenaar,** of edelman was 'n baie belangrike man. Al sy mag en geld kon egter nie sy verskriklike probleem oplos nie, maar daar was iemand wat dit kon doen!

**JOHANNES 4:46-47** [46] Jesus het toe weer na Kana in Galilea toe gegaan ... In Kapernaum was daar 'n sekere regerings-amptenaar wie se seun siek was. [47] Toe hy hoor dat Jesus uit Judea na Galilea toe gekom het, het hy ... Hom gevra om te kom en sy seun gesond te maak, want hy het op sterwe gelê.

## DINK HIEROOR!

Jesus het van Samaria af teruggekom na Kana toe. Omtrent 50 km van daar, in die dorpie Kapernaum, het 'n regerings-amptenaar gewoon. Sy seun was baie siek. Wat het die man gedoen toe hy gehoor het dat Jesus in Kana is?

Waarom dink jy het die man na die Here Jesus gegaan vir hulp?

Hy het dalk van Jesus se wonderwerk by die bruilof in Kana gehoor. Hy het geglo dat Jesus sy seun gesond kon maak. Geloof is om God te vertrou om te doen wat Hy beloof het. Wat dink jy het jy nodig om God gelukkig te maak?

## BID

Vra vir God om jou te help om die week meer oor geloof te leer.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 2 Kom asseblief!

**LEES VANDAG:**
Johannes 4:46-49

**"Ek wens God** wil 'n wonderwerk doen, dan sal dit makliker wees om Hom te vertrou." Het jy al ooit so gedink? Miskien wens jy Hy moet 'n siek vriend gesond maak of die reën laat ophou die oomblik as jy dit vra. Party mense in Jesus se tyd wou hê Hy moes wonderwerke doen om hul probleme op te los.

**JOHANNES 4:48-49**
48 Jesus sê toe vir hom: "As julle nie tekens
en wonders sien nie, glo julle eenvoudig nie." 49 En toe sê die
amptenaar vir Hom: "Here, kom tog voordat my kindjie sterwe."

## DINK HIEROOR!

Hoe weet jy dat Jesus nie wou hê mense moet Hom net ter wille van Sy wonderwerke vertrou nie?

Baie mense het geweier om te glo, tensy hulle wonderwerke kon sien. Sommige het selfs dan nog nie geglo nie! Jesus wil hê jy moet Hom vertrou vir wie Hy is. Hy wil hê jy moet glo wat Hy sê. Het Jesus se woorde die amptenaar laat weggaan? Hoe weet jy?

Die amptenaar het Jesus se hulp baie nodig gehad. Hy het weer vir Jesus gevra om sy seun gesond te maak. Jesus wil hê jy moet aanhou vra as jy Sy hulp nodig het. Hou aan om te vertrou en jou geloof sal sterker word. Onthou as mens nie glo nie is dit "onmoontlik om te doen wat God wil."

## BID

Praat met God oor dinge wat dit vir jou moeilik maak om Hom te vertrou.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 3 Neem Jesus op Sy Woord

**LEES VANDAG:**
Johannes 4:46-50

**Die amptenaar was** hartseer en bekommerd. Sy seun was op die punt om te sterf! Toe hy terug gegaan het na Kapernaum was hy baie bly en sy bekommernisse het verdwyn. Wat het die verskil gemaak?

**JOHANNES 4:49-50** [49] En toe sê die amptenaar vir Hom: "Here,
kom tog voordat my kindjie sterwe." [50] Maar Jesus sê vir hom: "Gaan
maar huis toe, jou seun lewe." Die man het geglo wat Jesus vir hom
gesê het, en gegaan.

## DINK HIEROOR!

Waarom het Jesus die amptenaar huistoe gestuur?

Dit was nie vir Jesus nodig om na Kapernaum te gaan om die seun gesond te maak nie. Hoe kon Hy die seun gesondmaak sonder om by hom te wees?

Die amptenaar het geweet dat Jesus se liefde en mag geen einde het nie! Hy kon enigiets doen! Wat het die amptenaar gedoen?

Hy het nie bewyse gehad dat sy seun leef nie, maar het Jesus op Sy woord geneem. Dis geloof—om te vertrou wat God sê. Soms maak die lewe nie sin nie. Dit lyk of alles verkeerd loop. In die Bybel sê God, "Ons weet dat God alles ten goede laat *saam*werk vir dié wat Hom liefhet." (Romeine 8:28.) As jy regtig dié woorde glo en God vertrou sal dit 'n verskil in jou lewe maak!

## BID

Vra vir God om jou te help om Hom altyd op Sy Woord te neem.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 4 Geloof in aksie

**LEES VANDAG:**
Johannes 4:46-50

**Hoe kan iemand** weet dat jy regtig in God glo? Kan hy of sy dit sien deur dit wat jy sê of doen of kom daar nog iets kort?

**JOHANNES 4:50** 50 Maar Jesus sê vir hom: "Gaan maar huis toe, jou seun lewe." Die man het geglo wat Jesus vir hom gesê het, en gegaan.

## DINK HIEROOR!

Jesus het vir die amptenaar gesê sy seun sal leef. Hoe het die amptenaar gewys dat hy glo wat Jesus gesê het?

Hy het nie gesê "Ek glo" nie. Sy dade het gewys dat hy glo. Voltooi die sin, "Geloof is meer as om iets in jou kop te weet, geloof is…."

Glo wat God in die Bybel sê. Dit sal verander hoe jy dink, praat en doen. Sê nou maar jy is bang om met die bus skool toe te ry. Vertel vir God hoe jy daaroor voel. Jy kan ook met 'n grootmens wat jy vertrou, daaroor gesels. Vra vir God om jou geloof te gee om Hom te vertrou. Hoe kan jy dan wys dat jy geloof in God het?

Deur in die bus te klim, wys jy dat jy God vertrou. Onthou Hy is altyd by jou! Waarvoor gaan jy God vandag vertrou?

## BID

Vra vir God om jou te help om in geloof op te tree.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 5 Geloof beloon

**LEES VANDAG:**
Johannes 4:51-53

**Terwyl die amptenaar** weg was, het sy seun sieker geword. Skielik het daar ‘n groot verandering gekom! Die diensknegte het seker gewonder wat gebeur het.

**JOHANNES 4:51-53** [51] Toe hy nog op pad was, het sy werksmense
hom al tegemoet gegaan en vertel dat sy kind lewe. [52] Hy vra hulle
toe presies wanneer hy begin beter word het, en hulle antwoord
hom: “Gistermiddag eenuur het die koors hom verlaat.” [53] Die pa het
toe besef dat dit op dieselfde oomblik was waarop Jesus vir hom
gesê het: “Jou seun lewe.” En hy en sy hele huisgesin het tot geloof
in Jesus gekom.

## DINK HIEROOR!

Die amptenaar se diensknegte het nuus vir hom gehad. Wat was dit?

Die amptenaar was seker baie opgewonde. Sy seun het geleef! Waarom dink jy het die amptenaar gevra hoe laat sy seun beter geword het?

Die amptenaar is beloon soos dit in ons memoriseervers sê. “.... en dat Hy die wat Hom soek, beloon.” (Hebreërs 11:6). God was by die amptenaar toe hy swaargekry het. Is daar iets swaar in jou lewe waarvoor jy God moet vertrou?

God is ook altyd by jou. Hy doen dalk nie wat jy wil hê nie, maar jy kan Hom vertrou om die beste te doen. Onthou Romeine 8:28, “Ons weet dat God alles ten goede laat *saam*werk vir dié wat Hom liefhet.” (Romeine 8:28). Vertrou God om in jou beswil op te tree.

## BID

Sê vir God dankie dat Hy in jou beswil optree as jy op Hom vertrou.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

6

# Gesins-geloof

**LEES VANDAG:**
Johannes 4:51-53

**Kan jy jou** indink hoe bly almal by die amptenaar se huis moes wees? Almal was sekerlik bly dat die seun gesond was. Die seun moes verbaas wees dat ‘n man, ver daarvandaan, hom kon genees.

**JOHANNES 4:53** [53] Die pa het toe besef dat dit op dieselfde oomblik was waarop Jesus vir hom gesê het: “Jou seun lewe.” En hy en sy hele huisgesin het tot geloof in Jesus gekom.

## DINK HIEROOR!

Van watter groot verandering in die amptenaar se huisgesin lees ons in vers 53?

Die amptenaar het Jesus vertrou om ‘n wonderwerk vir sy seun te doen. Toe het hy in geloof vir Jesus op Sy woord geneem. Uiteindelik het nie net die amptenaar nie, maar elke persoon in sy huishouding in Jesus geglo. Hulle lewens het verander. Op watter manier sou dit anders wees?

Toe jy in Jesus Christus as jou Verlosser begin glo het, het jy ‘n nuwe lewe van geloof begin. God is besig om jou lewe ook te verander. Jy kan Jesus vertrou om jou op baie maniere te help. Jy kan Hom met probleme vertrou en om by jou te wees wanneer jy bang is. Kan jy aan nog ‘n manier dink waarop jy Jesus kan vertrou?

## BID

Sê vir God dankie dat jy Jesus altyd kan vertrou om jou te help.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

7

# Hoe is jou gesindheid?

**LEES VANDAG:**
Matteus 5:1-3

**Het iemand al** ooit vir jou gesê, “Jou gesindheid is nie reg nie”? Jou gesindheid is die manier waarop jy oor iets dink of voel. ‘n Groot klomp mense het eendag gaan luister hoe Jesus preek. Hy het vir hulle vertel van gesindhede waarvan God hou. Mense met die regte gesindheid sal geseën word. Hulle harte sal gelukkig wees.

**MATTEUS 5:1-3** [1] Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom, [2] en Hy het hulle geleer en gesê: [3] “Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.”

## DINK HIEROOR!

Mense dink jy is geseënd as jy ryk is. Jesus sê jy is geseënd as jy weet hoe afhanklik jy van God is. Dit is om te erken dat jy God se hulp nodig het. Noem ‘n paar maniere waarop jy God nodig het om jou te help?

God help jou deur jou sonde te vergewe. Hy wil sorg vir alles wat jy in jou lewe nodig het. Watter belofte gee God in vers drie vir hulle wat weet hoe afhanklik hulle van God is?

God wil hê jy moet die regte gesindheid hê. Vertrou op Hom vir alles in jou lewe. Dit is wonderlik om te weet dat jy seker kan wees van God se hulp op aarde en ook van ‘n huis eendag in die hemel!

Vra vir God om jou te help om op Hom te vertrou vir hulp!

## BID

Vra vir God om jou te help om ‘n mens te wees wat Hom liefhet en gehoorsaam.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 8 Om Jesus se onthalwe

**LEES VANDAG:**
Matteus 5:10-12

**Tyrone het diep** asemgehaal voor hy by die deur uitgestap het om skool toe te gaan. Hy het geweet wat sou gebeur. Die ander seuns sou hom terg en lelike dinge vir hom sê omdat hy kerk toe gaan en vir ander van Jesus vertel. Hy bid ook voor hy eet. Tyrone het geweet hy doen wat God wou hê hy moet doen. Die ander kinders het egter aangehou om hom te terg omdat hy 'n Christen is.

**MATTEUS 5:10-12** 10 "Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle
doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.
11 Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig
en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. 12 Wees bly en
verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die
profete voor julle net so vervolg."

## DINK HIEROOR!

Om vervolg te word, is om sleg behandel te word omdat jy sekere dinge glo. Vervolging maak seer. Het Jesus gesê dat mense wat Hom liefhet vervolg sou word omdat hulle verkeerd of reg doen?

Dit klink nie reg om seer te kry as die jy regte dinge doen nie! Waarom sê vers 12 moet jy bly wees as jy vervolg word?

Wanneer mense vir jou lag of jou probeer seermaak omdat jy die regte dinge doen, kan jy dink aan die goeie dae wat in die hemel gaan wees. Moeilikhede mag 'n rukkie aanhou, maar die hemel gaan vir altyd wees!

## BID

Vra vir God om jou te help om die regte gesindheid te hê selfs wanneer ander jou vervolg.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 9 Meer As Dinge

**LEES VANDAG:**
Lukas 12:22-23

**Wat het jy** om te kan leef? Miskien dink jy aan kos, water of klere. Bekommer jy jou ooit oor dinge wat jy nodig het? Jesus het daaroor gepraat.

**LUKAS 12:22-23**
22 Verder het Jesus vir sy dissipels gesê: "Daarom
sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle
moet eet nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie.
23 Die lewe is tog belangriker as kos en die liggaam as klere.

## DINK HIEROOR!

Om jou te bekommer is om angstig oor dinge te voel. Wat het Jesus gesê, waaroor moet jy nie bekommerd wees nie?

Dit is maklik om baie tyd te mors om jou te bekommer oor dinge wat jy nie het nie. God wil nie hê jy moet oor dié dinge bekommerd wees nie. Noem 'n paar van die belangrike dinge waaroor God wil hê jy moet dink?

In plaas van om jou te bekommer, kan jy die tyd gebruik om God beter te leer ken. Dink aan ander mense en hoe jy hulle kan help. Sê vir God dankie vir alles wat Hy vir jou gegee het. Die Bybel sê "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle." (1 Petrus 5:7) Noem 'n paar dinge wat jy nodig het om vir God te vertel in plaas daarvan om jou daaroor te bekommer?

## BID

Vra vir God om jou te help om Hom met alles in jou lewe te vertrou.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 10 Belangrik vir God

**LEES VANDAG:**
Lukas 12:23-29

**'n Voël vlieg** in 'n winkel in en gooi geld op die toonbak vir 'n sak voëlkos. Dan dra hy die kos nes toe om vir sy kinders kos te gee. Gebeur dit regtig so? Natuurlik nie! God sorg in die natuur vir die voëls se kos. As God vir die voëls sorg, sal Hy mos vir jou ook sorg, nie waar nie?

**LUKAS 12:28-30**
28 "As God die gras van die veld, wat vandag nog
daar is en môre in die vuur gegooi word, só mooi maak, hoeveel te
meer sal Hy julle versorg, julle kleingelowiges! 29 Julle moet julle
ook nie gedurig afvra wat julle gaan eet of drink nie, en julle moenie
besorg wees nie. 30 ... julle het 'n Vader wat weet dat julle dit nodig
het.

## DINK HIEROOR!

God sorg vir die voëls en die blomme. Wat sê vers 24 doen die kraaie nie?

God gee die kraaie getrou kos al bêre hulle nie kos nie. Hy versier die lelies en ander blomme met pragtige kleure. God bewys Sy liefde deur vir die voëls en die blomme te sorg. Jy is vir Hom baie meer werd as wat hulle is. Jy kan Hom vertrou om ook vir jou te sorg. Wat sê vers 29, waaroor moet jy jou nie bekommer nie?

Jy is vir God belangrik! Hoe kan jy vir Hom wys dat jy Hom vertrou om elke dag vir jou te sorg vir dit wat jy nodig het?

## BID

Sê vir God dankie dat Hy elke dag sorg vir dit wat jy nodig het.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 11 Is jy bang?

**LEES VANDAG:**
Matteus 10:29-31

**Bekommernis is nie** altyd oor dinge wat jy daagliks nodig het nie. Jy is dalk bang vir ongelukke, oorlog of terroriste-aanvalle. Daar is iets wat Jesus wil hê jy moet weet as jy in die versoeking is om te bekommer.

**MATTEUS 10:29-31** 29 "Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie?
En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van
julle Vader nie. 30 Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel.
31 Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.

## DINK HIEROOR!

Dink net hoeveel mossies is daar! Dit is wonderlik dat 'n mossie nie sal val sonder dat God dit toelaat nie. Mossies is nie naby so baie werd soos jy nie! Wat sê vers 30 weet God van jou?

God ken jou so goed, Hy weet selfs hoeveel hare jy op jou kop het! Waarom sê vers 31 hoef jy nie bekommerd te wees nie?

Jy hoef oor niks bekommerd te wees nie! Jy is vir God baie meer werd as baie mossies. Selfs as daar oorlog kom, het God die mag om jou te help. Of al kom jy in 'n ongeluk, is God daar. Niks kan gebeur waarvan Hy nie weet of wat Hy nie toelaat nie. Jy kan Hom ten volle met jou lewe vertrou. Wat sê die memoriseervers kan jy doen as jy bekommerd is oor wat kan gebeur?

Sal jy dit doen?

## BID

Vra vir God om jou te help om Hom te vertrou, maak nie saak wat rondom jou gebeur nie.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

12

# Sal bekommernis help?

**LEES VANDAG:**
Lukas 12:25-26

**Josh was baie** siek. Sy ouers het hom dokter toe geneem. Die dokter het vir Josh medisyne gegee, maar hy het dit nie gedrink nie. In plaas daarvan het hy hom net bekommer of hy gesond gaan word of nie. Sou bekommernis vir Josh help?

**LUKAS 12:25-26** 25 "Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een uur verleng? 26 As julle nie eens so 'n klein dingetjie kan regkry nie, waarom bekommer julle julle oor die ander dinge?

## DINK HIEROOR!

Bekommernis kan nie 'n siek mens gesond maak nie. Dit gaan nie die medisyne gee wat nodig is nie. Waarvoor sê vers 25 gaan bekommernis ook nie help nie?

Bekommernis help nie eintlik vir iets nie, nè? Waarom dink jy bekommer mense hulle dan?

Dit is natuurlik om bekommerd te wees as probleme kom. Die Bybel sê wat om te doen as jy bekommerd raak. Vertel vir God wat jy nodig het. Dank Hom dat Hy jou sal antwoord. Dan sal God jou Sy vrede gee in plek van die bekommernis. (Filippense 4:6-7). Oor watter bekommernisse het jy nodig om met God te praat?

In plaas van bekommer, neem jou probleme na God. Vertrou Hom om jou te help.

## BID

Sê vir God dankie dat Hy daar is om jou te help. Moenie bekommer nie, maar vertel vir Hom van jou probleme.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 13 'n Sterwende slaaf

**LEES VANDAG:**
Lukas 7:1-3

**Wat sal jy** doen as iemand vir wie jy liefhet baie siek is? Jy sal hom of haar na 'n dokter of hospitaal toe neem of medisyne koop. Sê nou maar niks van hierdie dinge wil werk nie?

**LUKAS 7:2-3** [2] 'n Offisier daar het 'n slaaf gehad wat vir hom baie werd was, en die slaaf was siek en het op sterwe gelê. [3] Die offisier het van Jesus gehoor, en stuur toe 'n paar familiehoofde van die Jode na Hom toe om te vra dat Hy moet kom om sy slaaf gesond te maak.

## DINK HIEROOR!

Die offisier was 'n leier wat gesag oor baie Romeinse soldate gehad het, maar hy het 'n probleem gehad wat hy nie kon oplos nie. Wat kon dit wees?

Die offisier het seker hulp probeer kry, maar sy waardevolle slaaf was op die punt om te sterf. Waarom het die offisier gedink dat Jesus hom sou kon help?

Die offisier het dalk gehoor van die wonderwerke wat Jesus gedoen het. Hy het geglo dat Jesus sy slaaf kon gesond maak. Jesus was 'n Joodse onderwyser. Waarom sou Hy 'n Romeinse soldaat wou help? Wat sou jy doen as jy die offisier was?

Die offisier het van die Joodse leiers gestuur om Jesus se hulp te vra.

## BID

Vra vir God om jou te help om te glo dat Jesus al jou probleme kan oplos.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

14

# Verdien hulp

**LEES VANDAG:**
Lukas 7:3-6

**As jy gered** is, gaan jy geen probleme meer in jou lewe hê nie, reg? Verkeerd! So lank as wat jy op aarde leef, gaan dinge nie perfek wees nie, maar daar is goeie nuus! Lees verder!

**LUKAS 7:4-6** 4 Toe hulle by Jesus kom, het hulle ernstig by Hom daarop aangedring en gesê: "Hy is dit werd ... 5 want hy het ons volk lief en het op eie koste die sinagoge vir ons gebou." 6 Jesus het toe saam met hulle gegaan. Toe Hy nie meer ver van die huis af was nie, stuur die offisier 'n paar van sy vriende om vir Hom te sê: "Here, moenie moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie."

## DINK HIEROOR!

Die Joodse familiehoofde was belangrike mense in die dorp. Hulle het na Jesus gegaan. Wat het hulle gevra moet Hy doen?

Die familiehoofde sou dit nie vir die meeste Romeine doen nie. Hulle wou vir Jesus wys dat die offisier baie spesiaal was. Wat was hulle redes waarom hy hulp verdien het?

Die offisier was 'n Romein, maar hy het die Jode liefgehad. Waarom dink jy het God toegelaat dat die slaaf, van die man wat Sy volk liefhet, siek word?

God het 'n plan gehad. God het vir jou ook 'n plan. Romeine 8:28 sê God laat alles goed uitwerk vir hulle wat Hom liefhet. God weet van die moeilike dinge in jou lewe. Hy wil hê jy moet Hom vertrou om dinge vir die beste te laat uitwerk. Met watter moeilike ding moet jy God vandag vertrou?

## BID

Sê vir God dankie dat Hy alles vir die beste in jou lewe sal laat uitwerk.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 15 Nie waardig nie

**LEES VANDAG:**
Lukas 7:4-7

**Dink en voel** jy ooit dat jy nie alles verdien wat God vir jou doen nie? God se liefde is nie iets wat mense kan verdien nie. Hy gee dit omdat Hy wil. Iemand in dié verhaal het ook nie waardig gevoel nie.

**LUKAS 7:6-7** 6 … stuur die offisier 'n paar van sy vriende om vir Hom te sê: "Here, moenie moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie. 7 Daarom het ek my ook nie waardig geag om self na U toe te gaan nie. Sê maar net 'n woord, en my slaaf is gesond."

## DINK HIEROOR!

Jesus en die Joodse oudstes was op pad na die offisier se huis. Wie het hulle gestop voor hulle daar gekom het?

Die offisier het nie gedink hy verdien dit dat Jesus na sy huis kom nie. Waarom, dink jy, het hy dit gedink?

Die offisier het geweet Jesus is 'n groot onderwyser wat wonderwerke doen. Sy geloof was so sterk dat hy gedink het dis nie vir Jesus nodig om na sy huis te kom nie. Hy het geweet hy is nie werd dat Jesus soontoe kom nie.

Jy verdien ook nie al die goeie dinge wat God vir jou doen nie! Jy kan net van sonde verlos word omdat Jesus vir jou gesterf het. Dit is wonderlik hoe Hy dinge vir die beste in jou lewe laat uitwerk en doen wat Hy weet die beste vir jou is! Hoe kan jy jou dankbaarheid vir God wys?

## BID

Vra vir God om jou te help om te verstaan hoe lief Hy jou het.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 16 Spreek die woord

**LEES VANDAG:**
Lukas 7:6-8

**Wie het gesag** oor jou? Vir wie moet jy gehoorsaam? Jy dink dalk aan jou ouers, onderwysers, skoolhoof en ander. Nie een van hulle het naastenby soveel gesag soos Jesus nie!

**LUKAS 7:7-8** [7] "Daarom het ek my ook nie waardig geag om self na U toe te gaan nie. Sê maar net 'n woord, en my slaaf is gesond. [8] Ek is self 'n man wat onder gesag gestel is en ek het soldate onder my. Vir een sê ek: 'Gaan daarheen!' en hy gaan; en vir 'n ander: 'Kom!' en hy kom. Vir my slaaf sê ek: 'Doen dit!' en hy doen dit."

## DINK HIEROOR!

Die Romeinse offisier was seker dat Jesus sy dienaar kon gesond maak. Hy het geweet dat Jesus nie eers die jongman hoef aan te raak om hom gesond te maak nie. Wat het die offisier in vers sewe gevra moet Jesus doen?

Die offisier het geweet dat Jesus selfs mag het oor lewe en dood! Die offisier het verstaan wat gesag is. Hy het beheer oor sy soldate gehad. Wat moes hulle doen as hy opdragte gee?

Die offisier se manskappe het sy opdragte gehoorsaam, maar hy het geweet dat Jesus se gesag baie groter as syne was! Die offisier het regtig geglo dat Jesus enigiets kon doen. Hy het toe vir Jesus gesê, "Sê maar net 'n woord en my dienaar is gesond." Glo jy regtig God kan wonderlike dinge doen? Watter groot ding wil jy vir God vra om te doen?

## BID

Vra vir God om Sy groot mag in jou lewe te wys.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 17 Sulke geloof!

**LEES VANDAG:**
Lukas 7:6-9

**Die offisier se** dienaar was op die punt om te sterf. Jesus kon hom gesond maak, maar die offisier het soveel geloof in Jesus gehad dat hy Jesus gekeer het om na sy huis te gaan! Hy het Jesus se mag volkome vertrou!

**LUKAS 7:7, 9** 7 “Daarom het ek my ook nie waardig geag om self
na U toe te gaan nie. Sê maar net ‘n woord, en my slaaf is gesond.”
9 Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor. Hy draai toe om na die
mense wat agter Hom aangekom het en sê: “Ek sê vir julle: In Israel
het Ek nie so ‘n groot geloof teëgekom nie.”

## DINK HIEROOR!

Jesus was verbaas! Wat het Hy vir die skare oor die offisier se geloof gesê?

Die Jode in Israel was Jesus se eie mense. Jy sou verwag dat hulle in Jesus glo. Hulle het gehoor dat Jesus mense leer en het Sy wonderwerke gesien, maar niemand in Israel het soos die Romeinse offisier geglo nie. Wat wil jy hê moet Jesus sê oor jou geloof in Hom en in Sy mag?

As jy regtig in God glo, sal jy Hom vertrou om te doen wat die beste is. Hy mag dalk nie doen wat jy wil hê nie, maar Hy sal altyd doen wat die beste is.

As jy God liefhet kan jy Hom vertrou om alles in jou lewe vir die beste te laat uitwerk. Vra vir God om jou groter geloof in Hom te gee.

## BID

Sê vir God dankie dat jy Hom volkome kan vertrou.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

18

# God weet die beste

**LEES VANDAG:**
Lukas 7:10

**Sal God altyd** vir jou gee waarvoor jy vra? God het drie antwoorde op gebed: ja, nee en wag. Hy gee jou dalk nie die antwoord wat jy wil hê nie. Kyk, terwyl jy lees, of jy kan uitvind waarom.

**LUKAS 7:7, 10** 7 “Daarom het ek my ook nie waardig geag om self
na U toe te gaan nie. Sê maar net ‘n woord, en my slaaf is gesond...”
10 En toe die mense wat gestuur was, weer by die huis kom, kry hulle
die slaaf daar heeltemal gesond.

## DINK HIEROOR!

Het Jesus gedoen wat die offisier gevra het? Hoe weet jy dit?

Jesus het die offisier se slaaf gesond gemaak. God se Seun het alles van dié situasie geweet. Hy het geweet dat dit die regte ding vir die gelowige man is om sy slaaf gesond te maak. God weet ook wat die beste in jou lewe is. Waarom antwoord God soms “nee” as jy vir Hom iets vra?

God weet van alles wat ooit in jou lewe gaan gebeur. Hy gaan nie vir jou gee wat jy wil hê, as dit nie die regte tyd is of as dit nie goed vir jou is nie. Jy kan God vertrou om Sy mag ten beste in jou lewe te gebruik. Vertel van iets wat jy vir God gevra het waarvoor Hy “wag” of “nee” gesê het?

## BID

Sê vir God dankie dat Hy vir jou gee wat jy nodig het in plaas van dit wat jy wil hê.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 19 Tyd om te rus

**LEES VANDAG:**
Markus 4:35-36

**Jou ma en** pa kom soms tuis en sê, "Ek het vrede en stilte nodig!" Hulle is moeg! Het jy geweet dat die Here Jesus ook moeg geword het?

**MARKUS 4:35-36**
35 Laat daardie middag sê Jesus vir sy dissipels:
"Kom ons vaar oorkant toe."
36 Hulle het toe die mense wat daar was, daar laat bly en Hom saamgeneem in die skuit waarin Hy gesit het. Daar was ook nog ander skuite by.

## DINK HIEROOR!

Jesus het 'n hele dag lank vir baie mense by 'n groot meer gepreek. Hy was daardie aand seker baie moeg gewees! Wat het Hy vir Sy dissipels gevra om te doen?

Waarom wou Jesus die skare agterlaat?

Jesus het geweet dat Hy en Sy dissipels rus nodig het. Jesus het ook tyd saam met God die Vader nodig gehad. Dit was vir Hom lekker om tyd met die Vader te spandeer, maar Hy het ook vir die Vader vertel wat Hy nodig gehad het. God die Vader was Jesus se skuiling, Sy plek van veiligheid.

Psalm 46:1 sê, "God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood." God sou sy Seun krag en hulp gee. Hierdie belofte is vir jou ook as jy God se kind is. Wat sê dit sal God vir jou wees in moeilike tye?

## BID

Sê vir God dankie dat Hy altyd gereed is om vir jou die hulp en krag te gee wat jy nodig het.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 20 Groot vrees

**LEES VANDAG:**
Lukas 8:23-24

**Dit was donker** buite en die weer het gedreun! Blitse het in die lug geflits! Was jy al ooit bang vir ‘n storm? Groot storms kan gevaarlik wees!

**LUKAS 8:23-24** 23 Hulle vaar toe weg, en terwyl hulle seil, raak
Jesus aan die slaap. ‘n Hewige stormwind het op die meer losgebars
en die skuit het vol water begin word sodat hulle in lewensgevaar
was. 24 Hulle gaan toe na Jesus toe en maak Hom wakker met die
uitroep: “Meneer, Meneer, ons vergaan!” Toe staan Hy op en bestraf
die wind en die golwe.

## DINK HIEROOR!

Jesus se dissipels was vissermanne. Hulle was gewoond aan storms op die meer. Waarom dink jy was dié storm ‘n probleem?

Jesus en die dissipels was in ‘n baie klein bootjie. Wanneer golwe oor die kante geslaan het, het baie water in die boot gestroom. Hulle was in gevaar, hulle kon in die groot meer sink. Jesus het geslaap, maar die dissipels was baie bang! Wat maak jou bang?

God se Woord sê solank as wat jy in die wêreld is, sal jy probleme hê. (Johannes 16:33). Jesus weet van jou probleme en hoe bang dit jou kan maak. Hy wil hê jy moet Hom vertrou. Omdat Hy by jou is, kan jy vrede in plaas van vrees hê, al het jy probleme. Hy kan jou rustig en kalm maak. Hoe dink jy gaan vrede in plaas van vrees jou help om ‘n probleem makliker te hanteer?

## BID

Vertel vir God van jou vrese en vra
Hom om jou Sy vrede te gee.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

21

# Gee U nie om nie?

**LEES VANDAG:**
Markus 4:37-38

**Was jy al** ooit in 'n motorongeluk of 'n ander noodsituasie? Die eerste ding wat mens doen as so iets gebeur is om so gou moontlik hulp te kry. Die dissipels was in 'n noodsituasie! Wat kon hulle doen?

**MARKUS 4:37-38** 37 Skielik het daar 'n groot storm losgebars, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat die skuit al begin vol word het. 38 Jesus het op die bank in die agterstewe gelê en slaap. Hulle maak Hom toe wakker en sê vir Hom: "Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?"

## DINK HIEROOR!

Dit is wonderlik dat Jesus deur die verskriklike storm kon slaap! Die dissipels kon vir seker nie slaap nie! Wat sê die Bybel het hulle eerste gedoen?

Wat het die dissipels vir Jesus gevra toe hulle Hom wakker gemaak het?

Het Jesus dan nie omgegee dat hulle sou verdrink nie? Natuurlik het Hy omgegee! Hy het hulle liefgehad en was besorg oor wat met hulle gebeur. Jesus het jou ook lief. As jy Hom as jou Verlosser ken, is Hy altyd gereed om jou te help. Hy is God die Seun. Dink aan die memoriseervers. Hoe kan jy seker wees dat God jou sal help wanneer jy Hom aanroep?

As jy bang is, vra vir God om jou te help. Hy is jou veilige plek en krag. God het belowe en Hy kom altyd Sy beloftes na!

## BID

Sê vir God dankie dat Hy altyd by jou is en dat jy Hom kan vra om jou te help.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 22 Krag vertoon

**LEES VANDAG:**
Markus 4:37-39

## "Orkaan-winde verwoes geboue!"

"Tornado vee dorp plat!" "Vulkaan bars uit en begrawe 'n dorpie!" Die natuur se krag is verstommend—maar daar is 'n krag veel groter as die natuur!

**MARK 4:37-39** 37 Skielik het daar 'n groot storm losgebars, en die
golwe het in die skuit geslaan, sodat die skuit al begin vol word het.
38 Jesus het op die bank in die agterstewe gelê en slaap. Hulle maak
Hom toe wakker en sê vir Hom: "Meneer, gee U dan nie om dat ons
vergaan nie?" 39 Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see:
"Hou op! Bedaar!" Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte
gekom.

### DINK HIEROOR!

Jesus was nie bang vir die storm nie! Wat het Hy gedoen toe die dissipels Hom wakker gemaak het?

Dit klink vreemd dat iemand aan die wind en die golwe bevele kan gee! Dit is nog wonderliker dat hulle sal gehoorsaam! Waarom dink jy het die wind en die golwe Jesus gehoorsaam toe Hy met hulle gepraat het?

Jesus se mag as God die Seun is baie groter as die natuur. Om die waarheid te sê, Jesus het die aarde en alles daarop gemaak. Die wind en die golwe het nie 'n keuse gehad nie, hulle moes Hom gehoorsaam! Met daardie soort mag kan Jesus vir seker vir jou sorg al gebeur wat ook al! Wat dink jy sal gebeur as jy ophou dink oor jou probleme en liewer begin dink aan God se mag om vir jou te sorg?

Vertel vir God van jou probleem. Vertrou dan Sy mag om dit op te los.

### BID

Loof God dat Hy die mag het om jou in enige situasie te help.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 23 Is jou geloof sigbaar?

**LEES VANDAG:**
Markus 4:37-40

**Sommige mense hou** daarvan om te spog oor hoe dapper hulle is. As gevaar kom, sal hulle dalk nie so dapper wees soos wat hulle dink nie! Hoe dapper was die dissipels in die storm?

**MARKUS 4:39-40** [39] Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: "Hou op! Bedaar!" Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom. [40] Toe sê Hy vir hulle: "Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?"

## DINK HIEROOR!

Die gevaar was verby. Die Here Jesus het die storm laat ophou. Wat het Jesus vir Sy dissipels gevra?

Dit was natuurlik vir die dissipels om te vrees, maar hulle het Jesus se wonderwerke gesien. Wat moes hulle eintlik doen, toe hulle bang was?

Die dissipels het nie verstaan dat God se mag by hulle in Jesus was nie. Wat is die eerste ding wat jy doen as jy bang is? Probeer jy self die probleem oplos of kry jy ander mense om te help? Jesus sê in Matteus 28:20, "Ek is by julle al die dae ..." Wat kan jy doen om jou geloof in Hom te wys wanneer jy bang is?

God kan ander of jouself gebruik om 'n probleem op te los, maar Hy wil hê dat jy eerste met Hom moet praat as jy bang is. Hy kan jou vrede gee.

## BID

Vra vir God om jou te help om eerste op Hom staat te maak om jou te help.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

24

# Wie is dit?

**LEES VANDAG:**
Markus 4:41

**Miskien het jy** al gekyk hoe iemand kulkunsies doen. Jy weet dis net kullery maar jy is tog verbaas. Die dissipels was verbaas oor party dinge wat Jesus gedoen het. Dit was egter nie kulkunsies nie. Jesus se wonders het God se mag gewys.

**MARKUS 4:39, 41** 39 Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die
see: "Hou op! Bedaar!" Die wind het gaan lê en daar het 'n groot
stilte gekom. 41 Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar
gesê: "Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom
gehoorsaam?"

## DINK HIEROOR!

Wat het die dissipels so verbaas?

Geen mens kan maak dat die wind en golwe hom gehoorsaam nie! Waarom dink jy was die dissipels baie bang?

Die dissipels het nog nie heeltemal begryp dat Jesus God die Seun is nie. Die mag van dié man wat hulle Meester genoem het, het hulle steeds verstom. Hulle geloof in Hom het aanhou gegroei. Jou geloof in jou almagtige God moet ook groei.

Wanneer jy bang is kan jy Psalm 46:1 onthou: "God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming, Hy was nog altyd bereid om te help in nood". Vertel vir God van jou vrees en vra Hom om jou te help om op Sy krag te vertrou. Wat sal met jou vrees gebeur as jy op God vertrou en met Hom praat?

## BID

Prys God vir die wonderlike vrede wat Hy in die plek van jou vrees kan gee.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 25 Jesus, kom asseblief!

**LEES VANDAG:**
Johannes 11:1-6

**Hoe voel jy** as dinge verkeerd loop? Miskien wonder jy, "As God my liefhet, waarom laat Hy toe dat dié dinge gebeur?" Twee vroue in die Bybel het seker ook so gevoel.

**JOHANNES 11:1, 3-4** 1 'n Man met die naam Lasarus was siek. Hy was van Betanië, die dorp waar Maria en haar suster Marta gewoon het. 3 Die susters het iemand na Jesus toe gestuur om te sê: "Here, hy vir wie U lief is, is siek." 4 Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: "Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word."

## DINK HIEROOR!

Die name van die twee vroue was ____________ en _________. Waar het jy al vantevore van dié susters gehoor? (Lees Lukas 10:38-42 as jy nie kan onthou nie.)

Die susters het 'n boodskap na Jesus gestuur. Wat het hulle oor hul broer Lasarus gesê?

Watter rede het die Here Jesus in vers 4 vir Lasarus se siekte gegee?

Jesus het geweet wat met Lasarus sou gebeur. Hy het egter gebly waar hy was omdat Hy geweet het dat God dit gaan gebruik om Sy mag te wys. Dit was God se plan, maar Maria en Marta het dit nie geweet nie. Hulle moes wag. Dit is dikwels ook wat jy moet doen. Wees sterk en wag vir die Here om te doen wat Hy wil doen.

## BID

Vertel vir God dat jy Hom sal vertrou, maak nie saak wat gebeur nie.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

26

# Wag

**LEES VANDAG:**
Johannes 11:6-10

**Verstaan jy alles** wat jy in die Bybel lees? God het die Heilige Gees vir jou gegee om jou te help. Soms lees jy verse en wonder wat die woorde beteken. In dié verhaal het die dissipels ‘n probleem om te verstaan wat Jesus gesê en gedoen het.

**JOHANNES 11:6-8** 6 Nadat Hy gehoor het dat Lasarus siek is, het Hy egter nog twee dae op die plek gebly waar Hy was. 7 Eers daarna het Hy vir sy dissipels gesê: “Kom ons gaan terug na Judea toe.”
8 Die dissipels sê toe vir Hom: “Rabbi, nou die dag nog wou die Jode U stenig, en gaan U weer daarheen?”

## DINK HIEROOR!

Jesus het twee dae gewag nadat Hy gehoor het dat Lasarus siek is. Wat het Jesus toe gesê gaan hulle doen?

Waarom was die dissipels bang om terug te gaan na Judea?

Party van die mense in Judea wou Jesus met klippe doodgooi. Waarom dink jy was Jesus nie bang dat Hy doodgemaak sou word nie?

Niemand kon voor die regte tyd die lewe van God die Seun neem nie. Jesus het geweet dit was nog nie God se tyd vir Hom om te sterf nie. Hy sou veilig wees in Judea. Jesus weet alles. Jy kan rustig vir Hom wag om Sy plan vir jou te wys.

## BID

Vra vir God om jou te help om vir Hom te wag om te werk.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 27

# Slaap Lasarus net?

**LEES VANDAG:**
Johannes 11:11-16

**Wanneer jy siek** is, kan jy sukkel om te slaap. Koors laat jou baie warm kry. Jy kan ook bewe van koue koors. As jy maar net kan rus sal jy beter word. Toe Jesus vir die dissipels gesê het dat Lasarus net slaap, het hulle gedink, “Dit is goed, dan word hy gesond!” Toe het Jesus verduidelik wat Hy met “slaap” bedoel het.

**JOHANNES 11:11, 14-16** [11] Hierna het Hy vir hulle gesê: “Ons vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak.” [14]Toe sê Jesus vir hulle reguit: “Lasarus is dood, [15] en om julle ontwil is Ek bly dat Ek nie daar was nie sodat julle in My kan glo. Maar kom ons gaan na hom toe.” [16] Tomas, wat ook Didimus genoem is, sê toe vir die ander dissipels: “Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterwe.”

## DINK HIEROOR!

Wat het Jesus vir die dissipels gesê gaan hy doen, nadat Hy gesê het dat Lasarus slaap?

Waarom sê Jesus in vers 15 vir die dissipels dat Hy bly is dat Hy nie daar was toe Lasarus gesterf het nie?

Jesus het ‘n plan gehad, ‘n plan om die mense te help om te glo dat Hy regtig God die Seun is. As Lasarus nie gesterf het nie, kon die mense dink dat medisyne hom gesond gemaak het of dat hy nie regtig so siek was soos wat almal gedink het nie. Lasarus het gesterf en daarom kon net God dit wat gebeur het verander. Watter dapper ding het Thomas gesê?

Thomas het dalk nie verstaan wat Jesus doen nie, maar hy was gewillig om Jesus te vertrou. Jy kan Hom ook vertrou, al verstaan jy nie wat God besig is om in jou lewe te doen nie

## BID

Vra vir God om jou te help om Sy perfekte plan te volg.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 28 Jesus, waar was U?

**LEES VANDAG:**
Johannes 11:17-27

**Glo jy dat** God enigiets kan doen? God het gepraat en die wêreld is geskep. Jesus het 'n blinde man se oë aangeraak en hy kon sien. Wonderlik! Het Marta en Maria geglo dat Jesus nog steeds vir Lasarus kon help?

**JOHANNES 11:20-22, 25-26**
20 ... Marta ... [het] Hom tegemoet
gegaan; ... 21 Marta sê toe vir Jesus: "Here, as U hier was, sou my
broer nie gesterwe het nie. 22 Maar selfs nou weet ek dat God U
alles sal gee wat U van Hom vra." 25 Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die
opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook;
26 en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe
nie. Glo jy dit?"

## DINK HIEROOR!

Toe Jesus daar kom, was Lasarus reeds vier dae dood. Wat het Marta gedoen toe sy hoor dat Jesus al naby was?

Wat sê Marta in vers 22 wat bewys dat sy geglo het dat God almagtig is?

Marta het dit gesê voor die Here Jesus vir haar vertel het dat haar broer sal opstaan. Wat sê Jesus in vers 26 sal met hulle wat in Hom glo gebeur?

As Jesus jou Verlosser is, sal jy, as jou aardse lewe verby is, met jou nuwe lewe in die hemel begin. Jy sal Jesus sien! Jy sal mense soos Marta, Maria en Lasarus ontmoet. Jy sal God met jou hele hart aanbid. Wag dus geduldig dat God die probleme in jou lewe sal oplos, totdat dit tyd is vir jou om eendag hemel toe te gaan.

## BID

Vertel vir God dat jy daarna uitsien om eendag hemel toe te gaan.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

29

# Jesus huil

**LEES VANDAG:**
Johannes 11:28-37

**Sê nou daar** was 'n ernstige ongeluk en verskeie van jou vriende het gesterf. Al was hulle Christene en jy weet dat hulle almal in die hemel is, sal jy nog steeds hartseer wees. Jy sal dalk huil en wonder waarom God nie die ongeluk gekeer het nie. Dit is hoe Marta en Maria gevoel het oor Lasarus se dood. Hoe het Jesus gevoel?

**JOHANNES 11:31-32, 34-35** 31 Toe die Jode ... sien dat sy vinnig
opstaan en uitgaan, het hulle agter haar aangegaan omdat hulle
gedink het sy gaan na die graf toe om daar te huil. 32 Toe Maria daar
aankom waar Jesus was en Hom sien, het sy by sy voete gekniel en
vir Hom gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het
nie."..." 34 Hy vra toe: "Waar het julle hom begrawe?" Hulle het vir
Hom gesê: "Here, kom kyk." 35 Jesus het gehuil.

## DINK HIEROOR!

Waarheen het Maria se vriende gedink gaan sy, toe sy uit die huis gegaan het om Jesus te ontmoet?

Hoe weet jy Maria het geglo dat Jesus sou kon keer dat Lasarus sterf?

Hoe help dit jou om te weet dat die Here Jesus gehuil het?

Onthou dat Jesus God die Seun is en Hy het nooit sonde gedoen nie. Dit is nie verkeerd om te huil as iemand sterf of as jy hartseer is nie. Jesus het ook gehuil! Jy sal dalk nooit uitvind waarom God toegelaat het dat 'n ongeluk gebeur of dat iemand vir wie jy lief is, sterf nie. Al verstaan jy nie, kan jy steeds vir God vertrou.

## BID

Vra vir God om jou die geloof te gee om Hom te vertrou wanneer jy hartseer is.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.

# 30 Dit is 'n wonderwerk!

**LEES VANDAG:**
Johannes 11:38-44

**Wanneer dinge verkeerd** gaan, kan jy moedeloos raak en tou opgooi. Maak nie saak hoe erg dit lyk nie, God weet wat besig is om te gebeur. Hy het jou lief en het 'n goeie plan. Toe Lasarus gesterf het, het Jesus 'n goeie plan gehad.

**JOHANNES 11:39, 41-44** 39 Jesus sê toe: "Rol die klip weg."
Maar Marta ... sê vir Hom: "Here, hy ruik al, want dit is al die vierde
dag." 41 Hulle het toe die klip weggerol. Jesus het opgekyk boontoe
en gesê: "Vader, Ek dank U dat U My verhoor het. 42 Ek weet dat
U My altyd verhoor, maar Ek sê dit ... sodat hulle kan glo dat U My
gestuur het." 43 Nadat Hy dit gesê het, roep Hy met 'n harde stem:
"Lasarus, kom uit!" 44 Die oorledene het uitgekom.

## DINK HIEROOR!

Waarom het Marta vrae gevra oor Jesus se plan om Lasarus se graf oop te maak?

Jesus het nie vir God die Vader gevra om Lasarus lewend te maak nie. Hy het geweet dit gaan gebeur. Hy het God daarvoor gedank. Jesus het hardop gebid, want Hy wou hê die mense wat hoor moes glo dat God Hom gestuur het.

Dink aan drie woord wat kan beskryf hoe die mense gevoel het toe Lasarus uit die graf uitgekom het.

Jy sou verbaas gesien het hoe dit gebeur. Onthou altyd dat God enigiets kan doen. Moenie moed verloor wanneer jy lank moet wag nie. God kan jou verras. Hy het sekerlik vir Maria en Marta verras!

## BID

Vra vir God om jou hoop te gee as dinge hopeloos lyk.

© 2020 Child Evangelism Fellowship, Inc. Translation © 2020 CEF. *All rights reserved. Stuck at Home 2* in the Afrikaans language. *Nie vir herverkoop nie.* Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Met toestemming.